
# 425 Skoonste Heer Jesus




Skoon is die maanlig,
skoner is die sonskyn,
skoon die sterre in hul prag.
Jesus is reiner, Jesus is fyner;
as die helder dag en nag.

Skoon is die blomme,
skoner nog die mense,
in hul frisse jeugdigheid..
Dog hulle sterwe, baie bederwe;
Jesus leef in ewigheid.

Jesus, waaragtig,
altyd hier teenwoordig,
in die heil’ge Sakrament.
Wees my genadig, my siel versadig;
nou en op die laaste end.

Onbekend Onbekend